**SKRIFLESING:** 1 Joh 2:1-12; 15-17, 22, 27
**TEMA:** Geen beurtkrag toegepas.

Johannes skryf rondom 90 na Christus aan 'n hele paar gemeentes in Efese en Klein-Asië. Vals leraars het die duisternis van dwaalleer in gemeentes kom versprei en Johannes bring vir hulle die ware lig van die evangelie. Die dwaalleer het onder andere op drie sake gefokus wat steeds in ons dag en tyd nog soms kop uitsteek.

**1. Die dwaalleraars het ontken dat Jesus die mensgeworde Seun van God was.**
Hulle het gesê dat Hy 'n goeie mens, een van die beste mense nog gelewe het was, maar Hy was net 'n mens.
Johannes was na alle waarskynlikheid Johannes die dissipel en apostel wat ook die vierde evangelie geskryf het. Hy kon Jesus sien, hoor en Hom aanraak. Hy het saam met Hom gelewe en met Hom gepraat. Hy het gesien hoe Hy vir mense omgee, hoe Hy vir hulle sorg en hulle gesond maak. Hy het Hom sien sterf en opstaan.

Van Hom skryf Johannes in 1 Joh 2:2: Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.

Die doop wat vanoggend bedien is, is vir ons 'n teken hiervan. Deur Jesus breek daar vir ons, wat in die duister van sonde vasgekeer was, nuwe lig deur. Deur Hom word ons versoen met God.
Wat beteken versoeningg? Versoening is nie almal se geliefde woord nie. Geloftedag het nou versoeningsdag geword. Ons het 'n Waarheid en Versoeningskommissie beleef. Is versoening nie maar 'n nuwerwetse politieke woord nie? Nee dit is glad nie.

Die woord versoening kom 74 maal in die Bybel voor.
Na die sondeval het God die mens weggestuur uit die tuin van Eden (Genesis 3:23). Daar is geen versoening moontlik nie, tensy die mens se sonde voor God weggeneem word.

Dit is dus nie vreemd nie dat die Hebreeuse woord waarmee die gedagte van versoening in die Ou Testament aangetoon word(kaphar), inderwaarheid die gedagte van "wegneem" of "wegwas' of "wegvee" bevat.

In aansluiting hierby word die boodskap van versoening in die Ou Testament feitlik konsekwent verbind aan offers, wat as simbool gedien het dat die mens se sondeskuld voor God weggeneem word.
Op die groot versoendag, waarvan ons onder andere in Levitikus 16 en 23 en Numeri 29 lees, moes die soenoffer gebring word, vooraf gegaan deur vas en verootmoediging van die hele volk voor die Here (Levitikus 23:29,32).

Die hoëpriester het ook eenmaal per jaar die allerheiligste binne gegaan om namens die volk te offer.
Die versoening waarvan die soenoffers spreek, berus daarop dat die mens sy sondeskuld voor God bely en dat God sy sondes vergewe.
Hierdie offers het nooit volledige versoening tussen God en mens bewerk nie en moes telkens herhaal word.

God het ons egter so liefgehad dat Hy die volmaakte offer, sy enigte Seun, gestuur het om die sondeskuld wat daar tussen ons en God was, finaal weg te was en ons volkome met God te versoen. Geen goeie mens kon versoening bewerk nie, net die volmaakte Seun van God.

Een van die eerste dinge wat met 'n versoende mens gebeur, is dat jy al meer begin leef soos Christus. En hier het die dwaalleraars weer duisternis versprei.

**2. Hulle het geleer dat 'n kind van die Here glad nie meer sonde doen nie.**
Mense wat versoen is met Christus en gevul is met die Heilige Gees leef vreemd aan sonde. Die Lig verdryf die duisternis van sonde uit ons lewens, maar dit beteken nie ons nooit meer sonde doen nie.

Johannes skryf in 1 Joh 2:1; "Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader."

In 1 Joh 1:8-9 skryf hy nog duideliker hieroor: "[8]As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. [9]Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."

Daar is mense wat vandag nog worstel om hierdie dwaalleer te ontkom. Hulle beskou hulself as onwaardige sondaars wat nooit goed genoeg vir God sal wees nie. Of dit raak vir hulle 'n gemaklike verskoning om nie die Here te dien nie, want "hulle is net sondige ou mensies."

Kinders van die Here wil nie sonde doen nie, maar doen dit steeds. Vir ons is daar vergifnis van sonde deur Jesus Christus. Hy was ons sondelas af. In Hom kan ons lig deur die lewe reis.

Wanneer ons leef in hierdie Lig, leef ons liefde teenoor die Here en mekaar.

**3. Die laaste duisternis wat die dwaalleraars kom versprei het, is dat 'n persoonlike verhouding met God voldoende is en dat dit niks met jou alledaagse lewe en jou verhouding met ander mense te doen het nie.**

Johannes leer in 1 Joh 2:15-17 dat iemand wat lief is vir die Here sy wil uitleef in die wêreld. Die dinge van die sondige wêreld is onder andere hoogmoed, wellus en gierigheid. ("pride, lust and greed")Liefde vir die wêreld is vermorste liefde. As iemand nog lief is vir die dinge van die wêreld, kan hy nie sê dat hy lojaal teenoor die Vader is nie. Die persoon wie se prioroteite reg is en bo alles die Koninkryk van God soek, se pad loop saam met God die ewigheid in.

Ons verhouding met die Here het ook alles met ons verhouding met mekaar te doen. Sy liefde is soos 'n aflos wedloop. Hy seën vir ons met sy liefde, nie om dit vir onsself te hou nie, maar om ander weer daarmee te seën.
Johannes skryf aan die gemeentelede as: "Liewe kinders" Dit spreek boekdele van sy liefde vir hulle. In 1 Joh 2:10-11 (die Boodskap) skryf hy: "[10]Hoe onderskei 'n mens nou iemand wat in die lig leef van iemand wat in die duisternis leef? Só: [11]die persoon wat niks omgee vir sy medemens nie - al is sy woorde hoe godsdienstig en vroom - leef steeds in die duisternis. Hy is soos iemand wat in die donker voortstrompel. Hy het geen idee waarheen hy op pad is of waar hy gaan uitkom nie. Omdat dit so donker is, loop hy soos 'n blinde man rond. Daarteenoor leef die persoon wat sy broer of suster liefhet, voortdurend in die lig. Juis daarom struikel hy ook nie sommer nie."

**Afsluiting**
God se geskenk aan ons is Jesus Christus wat ons lewens kom verlig met ewige lig. Deur Hom word ons sonde vergewe en ons met God versoen. Hy maak ons ons lewens nuut sodat sy liefde, sonder beurtkrag, uit ons uitstraal in ons verhouding met God, mekaar en die wêreld.
Amen